**Is Paulus se hartsbegeerte ook jou hartsbegeerte?**

**Romeine 1:8-15**

**16 Augustus 2026**

1. Vantevore: Paulus was ‘n dienskneg van Christus Jesus, ‘n geroepe apostel vir die heidennasies. Die evangelie vloei uit die OT, en handel oor die Seun van God, Jesus Christus, ons Here. Gelowiges in Rome is geliefdes van God en geroepe heiliges. “Genade vir julle en vrede van God ons Vader, en die Here Jesus Christus.”
2. Die gemeente in Rome (Rom 1:8)
    - Geloof van gelowiges in Rome is oor die hele wêreld verkondig (v8)
    - Rome is soortgelyk aan Kolossense (Kol 1:6) en Tessalonisense (1 Tess 1:8)
    - Hoe lyk die getuienis wat van ons uitgaan na die wêreld?
3. Die effek van die gemeente in Rome op Paulus (Rom 1:8-14)
    - Paulus dank God (v8)
        i. Paulus verwys na God as “my God” (vgl 1 Tim 1:12-14, Hand 27:23)
        ii. Paulus dank God oor “julle almal” – elke lid het bygedra tot getuienis
    - Paulus dink aan hulle (v9)
        i. Paulus roep God as getuie in – hulle moet weet hy dink aan hulle
        ii. Paulus het sekerlik gedink oor of en hoe hy betrokke moet raak
    - Paulus bid (v10)
        i. Bid dat die pad nou oopgemaak moet word om Rome te besoek
        ii. Hy wil net besoek as dit God se wil is – soos die Here Jesus (Mat 26:39)
    - Paulus begeer om te bemoedig en om bemoedig te word (v11-12)
        i. Hy wil gemeente versterk met ‘n geestelike gawe
            - Immers is hy die apostel vir die heidennasies
            - Immers het hy alreeds goeie insig getoon in sy vorige briewe
        ii. Paulus wil bemoedig word deur die gelowiges in Rome
            - Immers loop gelowiges eie geloofspaaie, waaruit hy wil leer
    - Paulus wil ‘n vrug verkry (v13-14)
        i. “Broers” – dus is hulle ook besig om die Vader se wil te doen (Mat 12:50), hulle word ook deur die Here Jesus heilig gemaak (Heb 2:11)
        ii. Reeds dikwels voorgeneem om te kom, maar telkens verhinder (vgl Rom 15:23)
        iii. Wat is die vrug wat Paulus wil verkry?
            - Kennis wat lei tot ‘n lewe wat God waardig is (vgl Ef 1:17-18, Kol 1:9-10)
            - Vrugte van die Gees (Gal 5:22-23)
            - Meer mense wat tot geloof kom (vgl 1 Kor 9:22)
        iv. Paulus staan in die skuld by alle mense
4. Paulus se hartsbegeerte (Rom 1:15)
    - Hy wil aan die gelowiges in Rome die evangelie verkondig
5. Implikasies vir ons
    - Wat is die getuienis wat van ons uitgaan na die wêreld?
    - Hoe reageer ons wanneer ons hoor van werk van die Here?
        i. Dank? Dink? Bid? Beplan betrokkenheid? Doel van betrokkenheid? God se wil?